# EUCHARISTIESE GEBED I

## VIR VERSKEIE BEHOEFTES

## DIE KERK ONDERWEG NA EENHEID

Dit is gepas om die onderstaande vorm van hierdie Eucharistiese Gebed met die volgende Misformuliere te gebruik: Vir die Kerk, vir die Pous, vir die Biskop, vir die verkiesing van 'n Pous of 'n Biskop, vir 'n Konsilie of Sinode, vir Priesters self, vir Kerklike Bedienaars en vir 'n Geestelike of Pastorale Byeenkoms.

℣. Mag die Here met u wees.
℟. En met u gees.

℣. Verhef u harte.
℟. Ons verhef hulle tot die Here.

℣. Laat ons die Here ons God dank.
℟. Dit is paslik en reg.

Nou volg die Prefasie.

S Die Selebrant alleen. ❶

Dit is waarlik paslik en reg,
om U te dank en 'n lofsang
tot u eer en heerlikheid aan te hef,
o Here, Vader van oneindige goedheid;
want deur u Seun se Evangeliewoord
het U mense uit alle volke, tale en nasies
in één Kerk byeengebring,
en, noudat U haar
deur die krag van die Heilige Gees met lewe vervul het,
hou U nooit op om deur haar,
die hele mensdom in eenheid byeen te bring nie.

So toon u Kerk u liefdesverbond;
verkwik sy voortdurend ons salige hoop op u Koninkryk
en glinster sy as teken van u getrouheid,
wat U ons in Jesus Christus onse Here,
tot in alle ewigheid belowe het.

En daarom, met al die hemelse Magte,
aanbid ons U voortdurend op aarde,
terwyl ons saam met die hele Kerk met een stem uitroep:



Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Heilig, heilig, heilige Here,
God van die leërskare.
Die hemel en aarde is vol van u glorie.
Hosanna in die hoogste.
Geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here.
Hosanna in die hoogste.

S Die Selebrant alleen.

Met hande uitgestrek, sê die Selebrant:

Waarlik Heilig is U,
en U behoort verheerlik te word,
o Mensliewende God,
wat ons heeltyd op ons lewensreis vergesel.

Waarlik geseënd is u Seun wat hier in ons midde is
wanneer ons deur sy liefde byeengebring word;
wanneer Hy vir ons, soos eens vir sy dissipels,
die Skrifte ontsluit en die brood breek.

Hy bring sy hande bymekaar, strek hulle oor die offergawes uit en sê:

AS Die Selebrant met alle mede-selebrante.

Daarom smeek ons U, Allerbarmhartige Vader,
laat u Heilige Gees neerdaal, om hierdie gawes ❷
van brood en wyn te heilig, sodat dit vir ons,

Hy bring sy hande bymekaar, en maak die Kruisteken eenkeer oor beide die brood en die kelk, terwyl hy bid:

die Liggaam en ✠ Bloed
van onse Here Jesus Christus mag word.

In die voorgeskrewe formulier wat volg, moet die woorde van die Here **duidelik** en **helder** uitgespreek word, soos wat die aard van hierdie woorde dit vereis.

Op die dag vóór sy lyding
in die nag van die laaste Avondmaal,

Hy neem die brood, hef dit effens op en sê:

het Hy brood geneem en U gedank,
dit gebreek en aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

**NEEM EN EET ALMAL HIERVAN,**

**WANT DIT IS MY LIGGAAM,**

**WAT VIR JULLE OORGELEWER SAL WORD.**

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Hy toon die gewyde hostie aan die gemeente, plaas dit op die pateen en maak aanbiddend ‘n kniebuiging.

Dan vervolg hy:

Net so, ná die maaltyd,
het hy die kelk geneem en U gedank,
Hy neem die kelk, hef dit effens bo die altaar op en vervolg:

die kelk aan sy dissipels gegee en gesê:

Hy buig effens:

**NEEM EN DRINK ALMAL HIERUIT,**

**WANT DIT IS DIE KELK VAN MY BLOED,**

**DIE BLOED VAN DIE NUWE EN EWIGE VERBOND,**

**WAT VIR JULLE EN VIR MENIGE UITGESTORT SAL WORD**

**TOT VERGIFNIS VAN SONDES.**

**DOEN DIT TOT MY GEDAGTENIS.**

Hy toon die kelk aan die gemeente, plaas dit op die korporaal en maak aanbiddend ‘n kniebuiging. 3

S Die Selebrant alleen.

Dan sê hy:

Die geheimenis van die geloof.

Waarop die gemeente uitroep:

Ons verkondig u Dood, o Here,
ons bely u Opstanding
totdat U weer kom.

Of:

As ons hierdie Brood eet
en uit hierdie Beker drink,
verkondig ons u Dood, o Heer,
totdat U weer kom.

Of:

Redder van die wêreld red ons,
want deur u Kruis en Opstanding
het U ons vrygemaak.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

**AS** Met hande uitgestrek, bid die Selebrant met alle mede-selebrante:

Daarom, Heilige Vader,
terwyl ons die gedagtenis vier
van Christus, u Seun, ons Verlosser,
wat U deur sy Lyding en Dood aan die Kruis
tot die heerlikheid van die Opstanding gelei het
en wat U aan u regterhand laat sit het,
verkondig ons die werk van u liefde, totdat Hy weer kom
en offer ons U die Brood van die lewe
en die Kelk van saligheid.

Aanskou goedgunstiglik
die diensoffer van u Kerk
waardeur ons Christus se Paasoffer vertoon,
wat aan ons oorgelewer is, en gee dat ons,
deur die krag van die Gees van u liefde,
nou en tot die dag van ewigheid gereken mag word
onder die lede van u Seun,
in Wie se Liggaam en Bloed ons in gemeenskap verkeer.

**S/MS** Die Selebrant of 'n mede-selebrant.

Deur die lig
van die Evangelie, Here,
vernuwe u Kerk [van N. (Bisdom of plek)]. 4

Verstewig die eenheidsband tussen die gelowiges
en die herders van u volk, saam met N., ons Pous
N., ons Biskop en die hele Orde van Biskoppe,
sodat u volk, in 'n wêreld deur onmin verskeur,
as 'n profetiese teken van eenheid en vrede helder mag skyn.

**S/MS** Die Selebrant of 'n mede-selebrant.

Dink ook aan ons broers en susters [N. en N.],
wat in die vrede van u Christus gesterf het
en alle ontslapenes wie se geloof slegs aan u bekend is.
Laat hulle toe om die lig van u aangesig te geniet
en skenk hulle in die opstanding volheid van lewe.

Gee dat ons, wanneer ons aardse pelgrimstog voltooi is,
ons ewige woning sal bereik, waar ons altyd by U sal woon:
en in gemeenskap met die Geseënde Maagd Maria, Moeder van God,
die Apostels en Martelare,
[die Heilige N. (van die dag of Beskermheilige)] en alle Heiliges,
U sal prys en verheerlik

Hy bring sy hande bymekaar:

deur Jesus Christus, u Seun.

Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.

Hy neem die kelk en pateen met die hostie daarop en terwyl hy dit omhoog hou, sê hy:

**AS** Die Selebrant alleen of met alle mede-selebrante.

Deur Hom, en met Hom en in Hom,
ontvang U, God almagtige Vader,
in die eenheid van die Heilige Gees,
alle eer en heerlikheid tot in alle ewigheid.

Die gemeente antwoord.

Amen.

Hierop volg die Kommunie-Rite.



Die ©AMPTELIKE VERTALING 2013. soos goedgekeur deur die Suider-Afrikaanse Katolieke Biskoppe Konferensie, voorberei deur die Afrikaanse Taal Pastorale Streek van dieselfde Konferensie.